# GALASIËRS – WERKLIK VRY

## Lewe van Genade

### AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

---

---

### VRAE VIR BESPREKING:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Hoe sal jy vir iemand genade verduidelik? Wat sal jou definisie wees?**

---

---

---

**Hoekom dink jy is dit belangrik om genade te verstaan ten einde 'n lewe wat werklik vry is te leef?**

---

---

---

**Op watter manier dink jy misbruik mense genade?**

---

---

**Dink jy daar is 'n korrelasie van ons begrip van God se genade vir ons, en ons gee van genade aan ander mense? Met ander woorde dink jy as jy God se genade vir jou beter verstaan, gee jy makliker genade aan ander? Verduidelik.**

---

---

---

**Waar het jy al ervaar dat ander mense jou die "kwaai oog" gee soos Paulus in Galasiërs 3:1 vra?**

---

---

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Titus 2:11-12. Wat leer genade ons alles volgens hierdie vers?**

---

---

**Het jy besef dat bogenoemde die werk van genade is en nie jou eie krag nie? Hoe laat dit jou voel?**

---

---

**Handelinge 4:12. Hoekom dink jy is dit belangrik dat gelowiges hierdie onthou?**

---

---

**Romeine 6:23. Wat dink jy is die gevaar dat ons gewoond raak aan die grootheid van genade en die ewige lewe?**

---

---

**In die preek is die woord GENADE 'n akroniem gemaak om genade te verduidelik:**

**G – Geskenk**
**E – Elkeen**
**N – Net deur Jesus**
**A – Ander persoon**
**D – Deur geloof**
**E – Ewig**

**Watter van hierdie 6 beginsels van genade het vir jou uitgestaan?**

---

---

---

**Aan wie in jou lewe het jy nodig om meer genade te bewys in hierdie komende week? Hoe kan jou groep jou daarin ondersteun?**

---

---

---

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

---

---

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**

---

---

---